# Kunsmatige uitbroei van eiers- Ben Minnaar

Ben Minnaar has been breeding parrots since 1987 and as such, has studied the behavioural patterns of breeding parrots. He has obtained extensive experience in the incubation and hand-rearing of different parrot species.

At his breeding facility outside Pretoria most parrots' eggs are artificially incubated and hand-reared. He specializes in the breeding of the different Cockatoo species and cockatoos are his first love. Due to the fact that some hand-reared Cockatoo species are not good parents, it was a challenge for him to properly socialize the hand-reared babies to ensure not only good companion birds, but also good parents and breeding birds.

He assisted the late Prof Johannes Odendaal in compiling a *Parrot Behaviour Course a*s a lecturer at Ethology Academy that provides a one year correspondence course in parrot behaviour.

He is a member of the executive committee of PASA (Parrot Breeders Association of South Africa) and has addressed many bird clubs on invitation on the subject of parrot behaviour and incubation and hand-rearing.
Qualifications: B Proc University of Pretoria 1979 Admitted attorney

……………………

# Kunsmatige uitbroei van eiers

**Inleiding:**

Dit is nou belangriker as ooit tevore om maksimaal produksie uit broeipare te kry. Ons mag die laaste generasie wees wat die skaars papegaai spesies in hokke sal kon aanhou. Cites beperk die kwotas wat lande mag uitvoer. As ons na African Grey’s kyk mag die volgende lande glad nie enige uitvoere doen nie omdat die spesie of bedreig of reeds uitgesterf het in dié lande: Kameroen, Ivoorkus, Guinea, Liberië, Sierra Leone. Net die Kongo mag vir die 2011 jaar 4000 en die DRC 5000 African Grey’s uitvoer. Daar is toenemende druk om die vang van alle wildgevange papegaaie te verbied. Ons kan aanvaar dat die era verby is waar verliese wat ons ly eenvoudig aangevul kan word deur wildgevangde voëls en nuwe boere sal ook toenemend op hokgeteelde papegaaie aangewese wees.

Ons het geen ander keuse nie as om ons boerderye baie meer wetenskaplik aan te pak en maksimale produksie uit elke paar te kry. Hiermee saam moet gewaak word daarteen om alle spesies kunsmatig uit te broei en handgroot te maak omdat sommige handgrootgemaakte papegaaie nie goeie ouers maak nie. Ons kan egter met behoorlike sosialisering sommige van die probleme vermy.

Hoekom kunsmatige uitbroei? Sommige papegaaie is nie sulke goeie ouers nie en kan ons meer sukses as hulle behaal. Natuurrampe en plae soos bye wat neste inneem kan vermy word. Ons kan probleme in die uitbroei proses identifiseer wat andersins moeilik

is. Produksie kan opgestoot word. Daar is ʼn heenkome vir onvoorsiene skade bv broeiwyfie wat skielik vrek met eiers in die nes.

**Vereistes vir suksesvolle uitbroei van eiers:**

1. **Gesonde vrugbare embrio**

1.1. Versoenbare volwasse ouerpaar
1.2. Gesonde ouerpare – sommige siektes kan deur die ouers aan die embrio oorgedra word – belang van kwarantyn
1.3. Korrekte voeding van ouers
1.4. Regte behuising – Geskikte hokke wat sosiale aktiwiteite moontlik maak
1.5. Goeie bestuur – Regte bure – nie ons bure nie maar die papegaaie se bure moet versoenbaar wees.
1.6. Gesonde ouers – kwarantyntoestande in en om broeihokke
1.7. Geskikte neste – Drang om te kou inherent aan nes maak aktiwiteite van papegaaie, gee growwe houtstukke wat fyn gekou moet word Neste moet toeganklik wees en sover moontlik van buite die hok bereik kan word.
1.8. Atmosfeer waar onder die papegaaie aangehou word moet rustig wees en so na moontlik aan die natuur

2. **Korrekte hantering van eiers**

2.1. Nesinspeksie. Pare se reaksie kan verskil en sommige sal dit toelaat terwyl ander so tekere sal gaan dat die eiers gebreek of kleintjies doodgetrap kan word. Ken jou pare. Papegaaie sal banger wees as daar oogkontak met hulle gemaak word.
2.2. Eiers word gewoonlik vroeg oggend gelê en kan daarna verwyder word By verwydering van eiers uit neste moet die eiers liefs op die dag wat dit gelê word verwyder word. Die voordeel is dat die uitbroei datum dan akkuraat bepaal kan word.
2.3. Wat vervoer van eiers betref moet hulle so versigtig moontlik hanteer word. As die eier reeds effens bebroeid is, is die embrio baie sensitief vir stampe.
2.4. Ontsmetting en skoonmaak van eiers is noodsaaklik. Die eier het ʼn natuurlike lagie om die eier (glad wanneer nat) wat infeksie teenwerk en so min moontlik daarvan moet afgewas word. Alle mis moet verwyder word. Week eier in louwarm ontsmettingsmiddel.
2.5. Identifisering van eiers is noodsaaklik vir rekord houding. Gebruik “Zyline Free” penne en skryf so min moontlik op die eier. Merk af van die lyn waar baba sal pik verkieslik aan die skerp kant van die eier.

3. **Broeimasjiene moet reg opstel word**

3.1. Volg die vervaardiger se spesifikasies- diens voor broeiseisoen.
3.2. Ontsmetting moet voor en tydens broeiseisoen gedoen word.

3.3. Water gehalte in broeimasjien is kardinaal. Water is louwarm en groei van bakterie moontlik. Water verdamp en laat afsaksels. Moet water nooit toelaat om droog te word nie en tap water ŉ paar keer tydens seisoen af.
3.4. Kalibreer die temperatuur en vog voor elke seisoen
3.5. Toets die masjien ŉ paar dae voor gebruik. Stel eers die temperatuur in en dan humiditeit.

**4. Eiers in broeimasjien**

4.1. Draai, indien moontlik 24 keer per dag. Indien te min is aarvorming oneweredig en veroorsaak latere dood in die dop. Nie net suurstof moet deur die dop die embrio bereik nie maar afvalstowwe moet vrygelaat word.
4.2. Vibrasie moet minimaal wees – plaas masjien waterpas.
4.3. Vog – sekere spesies het eie soortige behoeftes maar normaalwag om en by 50 %.
4.4. Hitte- moet normaalweg 37.2wees. Kyk na kamer temperatuur. As te hoog is beïnvloed dit die broeimasjien se temperatuur. Let op lugvloei – embrio's het suurstof nodig. by Grunbach moet verstelling op verdamping oop wees.

**5. Volledige rekordhouding**

Dit is noodsaaklik om ŉ harde kopie te hou van ten minste die volgende inligting:

5.1. Die hok nommer van die ouers
5.2. Die datum waarop die eier gelê is
5.3. Enige probleem wat in die ontwikkeling ontstaan het

**6. Identifisering van probleme - Kategoriseer probleme wat rekordhouding vergemaklik bv.:**

6.1. Onvrugbaar – eier ontwikkel nooit
6.2. Lugsak foutief – mag aan verkeerde kant van die eier wees of gebreek wees
6.3. Vroeg dood in dop- bloedring of gekleurde inhoud in eier
6.4. Dood in dop- baba iewers met redelike ontwikkeling dood.
6.5. Groot dood in dop- baba het nog geen interne pik maar volledig ontwikkel
6.6. Dood met pik- volledig ontwikkel met interne pik
6.7. Dood met pik buite – volledig ontwikkel, met pik in dop
6.8. Gewigsverlies verkeerd – baba te droog of te nat
6.9. Ontwikkeling gebrekkig – gebreklike embrio

**7. Resep vir sukses**

7.1. Jy sal weet as jy die regte resep het, alles moet reg verloop van die ouers se gesondheid tot 'n sterk, gesonde baba. Dit is `n lang proses om so veel moontlik probleme uit te skakel en die bes moontlike resultate te kry.

7.2. ’n Konstante program is noodsaaklik – probeer ’n vaste roetine daarstel waar alle persone wat met die eiers werk moet aan voldoen. Bv.

7.2.1. As broei kamer binnekom, is die kamer temperatuur reg?
7.2.2. Loop die broeimasjiene se motors?
7.2.3. Is die temperatuur van die masjiene reg?
7.2.4. Is die humiditeit van die masjiene reg?
7.2.5. Is die plasing van die eiers in die masjien reg?
7.2.6. Is daar dooie embrio’s?
7.2.7. Is daar onvrugbare eiers?
7.2.8. Is daar baba’s wat pik?
7.2.9. Skuif die eiers in bepaalde manier

7.3. Volledige rekordhouding

7.4. Wetenskaplike benadering – poog om die jou kennis konstant uit te brei en deel jou ondervinding met ander

7.5. Toewyding- As jy ‘n gemengde papegaaiboerdery het sal jy vind dat daar baie min tye van die jaar is wat daar geen eiers in die masjiene is nie.

7.6. Strewe na perfeksie, vergelyk jare se hoeveelheid eiers, persentasie vrugbaarheid en suksesvolle uitbroei en stel doelwitte vir die volgende jaar.

7.7. Gun jouself rus- uitbroei en handgrootmaak van papegaaie is geweldig veeleisend en iewers langs die pad moet jy ’n streep trek en die masjiene af sit